I agree with counsel that clearly the action of the secon spondent in this case amounted to a "withholding" of a certificate and therefore could be arbitrated upon, had the other conditions been complied with. However, I have already dealt with the question of the compliance with the other pre-conditions. I have found that they have not been complied with and were still in operation and accordingly the application is dismissed with costs.

The only extant question is then the costs on the counter-application. Mr *Neser* says that the action by the applicant in locking the gates was a vexatious and malicious one and that the Court should express its disapproval of this mode of conduct in abusing its rights by awarding attorney and client costs against it. He refers me to the provisions of clause 31 of the contract (the general provisions), in which the contractor is required to afford all reasonable facilities to any other contractors employed by the employer, and their workmen, to execute their work on the site and to make the site available to them. He also referred me to the special conditions of contract, S5, where it was agreed between the parties that the employer, through the engineer, shall have the right to send any workmen and materials on to the works during the contract period for the execution of any works not provided for in the contract and the contractor shall allow such persons free access to the works.

This, says Mr *Neser,* indicates that the lien, even if it existed at that stage, could not be enforced in the way in which the applicant sought to enforce it.

Mr *Claassen,* on the other hand, argues that the action by the applicant was not *mala fide,* that he acted under colour of right in that he thought, on the advice of his attorney, that he had the right to exercise his lien in order to obtain payment, or earlier payment, and he referred me to the case of *Spitz* v *Kesting* 1923 WLD 45 at 49, in support of this proposition. He also urged upon me that I should not meticulously decide this question, but should take a robust view on the question of costs after a matter has been settled. He referred me in this connection to the case of *Roupell* v *Metal Art (Pty) Ltd and Another* 1972 (4) SA 300 (W) at 302-303, where MARGO J applied this principle in a question of costs.

In my view the action by the applicant was misguided and somewhat high-handed, but I am not in a position to find that it was *mala fide,* vexatious or used *in terrorem.* It seems to me that the applicant might well have believed that it was acting within its rights in seeking to enforce payment.

Under these circumstances I am not prepared to grant attorney and client costs against it, and I will grant ordinary party and party costs.

The result is that the application is dismissed with costs and that the costs on the counter-application are awarded to respondents on a party and party basis.

Applicant's Attorney: *Ben McDonald.* Respondent's Attorneys: *MacRobert, De Villiers & Hitge.*

WARM D MAKELAARS v MARAIS

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

1983 *Februarie* 16 SPOELSTRA R

**Koste—Party-en-party—Koste aangaande vasstelling van beskikbaarheid van advokaat voor formele opdraggewing verhaalbaar—Indien beskikbaarheid telefonies bevestig is, is skriftelike bevestiging oorbodig—Koste daarvan onverhaalbaar—Waar advokaat hom sonder gegronde rede van opdrag onttrek, is gevolglike uitgawes onverhaalbaar—Laasgenoemde uitgawes "ongewoon" soos bedoel in Reël 70 (3).*

As algemene reël, is dit nie onredelik van 'n prokureur om, voordat hy 'n advokaat formeel opdrag gee, by die advokaat vas te stel of hy beskikbaar is nie. As daardie advokaat die opdrag aanvaar en later, vir redes soos die aanvaarding van 'n ander en miskien meer lonende opdrag, die eerste opdrag terugstuur, en sy prokureur dit toelaat, dan is dit optrede waarvoor die teenparty nie verantwoordelik gehou kan word nie en kostes wat daaruit voortspruit is tussen party-en-party onverhaalbaar. Daar mag moontlik gegronde redes wees waarom 'n advokaat hom van 'n opdrag moet onttrek, soos bv siekte of onbevoegdheid om die opdrag te hanteer, in watter geval ander oorwegings toepassing mag vind. Die uitgawes om 'n ander advokaat onder die voormelde omstandighede (dws ongegronde onttrekking deur 'n advokaat) te bekom, resorteer onder die begrip "ongewone uitgawes" soos in Reël 70 (3) bedoel en is daarom nie as party-en-party uitgawes verhaalbaar nie.

Waar die prokureur telefonies met die advokaat reël dat die advokaat 'n bepaalde opdrag sal hanteer, ontstaan 'n mondelinge kontrak en is enige verdere stappe behalwe die oorhandiging van die opdrag onnodig. Bevestiging per brief, en opwagting by aflewering daarvan, is 'n onnodige uitgawe.

Hersiening van taksasie.

**Costs—Party and party—Costs regarding establishing of availability of counsel before formally briefing him are recoverable—If availability is confirmed telephonically, written confirmation is unnecessary—Costs thereof not recoverable—Where counsel returns brief without justification, the consequent costs are not recoverable—Latter costs "unusual" as intended in Rule 70 (3).*

As a general rule, it is not unreasonable for an attorney to ascertain counsel's availability before briefing him formally. If counsel accepts the brief and then returns it for reasons such as another and more lucrative brief, and his attorney accepts this, this will constitute conduct for which the opposing party cannot be held responsible, and the costs arising therefrom will not be recoverable as between party and party. There may be valid reasons for counsel's withdrawal, such as illness or inability to undertake the matter, in which event different considerations may be applicable. The costs incurred in obtaining counsel under the aforementioned circumstances (ie unjustified withdrawal by counsel) fall under the heading of "unusual" costs as contemplated in Rule 70 (3), for which reason they are not recoverable as party and party costs.

Where an attorney telephonically arranges with counsel that he will undertake a matter, an oral contract arises and any further steps save for the delivery of the brief are unnecessary. Confirmation by letter, and attending upon delivery thereof, is an unnecessary expense.

SPOELSTRA R: Die verweerder is ontevrede met die beslissing van die Takseermeester ten opsigte van 'n aantal items op sy kosterekening wat die Takseermeester nie as verhaalbare uitgawes toegelaat het nie. Ingevolge Reël 48 het die Takseermeester 'n gestelde saak vir beslissing voorgelê. Daaruit blyk dat die besware onder die volgende groepe ingedeel kan word:

1. Die uitgawes wat aangegaan is ten opsigte van briewe aan en telefoonoproepe na 'n advokaat waarby navraag gedoen word of die advokaat beskikbaar is om die verhoor waar te neem, is in die geheel afgetakseer as prokureur-en-kliëntkoste wat nie tussen party-en-party verhaalbaar is nie. Eweneens is die uitgawes verbonde aan telefoonoproepe na die prokureur se korrespondent op die platteland in verband met die beskikbaarheid al dan nie en die aanstelling of vervanging van advokate vir dieselfde redes nie toegelaat nie. Briewe om telefonies reëlings te bevestig met advokaat is nie as verhaalbare koste toegelaat waar die telefoongesprek self ook nie as 'n debiet toegelaat is nie.
2. Die uitgawes verbonde aan 'n dekkingsbrief om 'n advokaat se rekening te betaal of onder dekking waarvan 'n advokaat voorsien word van 'n afskrif van 'n kennisgewing van wysiging en 'n brief in verband daarmee aan eiser se prokureurs, is ook om dieselfde redes deur die Takseermeester afgetakseer.

Word die kosterekening nagegaan, blyk dit dat daar gedurende Oktober 1981 'n brief deur verweerder se prokureur aan die advokaat wat die pleitstukke hanteer het, gerig is om hom in kennis te stel van die verhoordatum wat aan die saak toegeken is en om te verneem of hy beskikbaar is om die saak waar te neem (item 77). Die verhoordatum is op 23 Oktober 1981 toegeken en die verhoor is vir 19 Maart 1982 geplaas. Die uitgawes verbonde aan item 77 is nie deur die Takseermeester toegelaat nie. Op 20 November 1981 is die opdrag aan die advokaat besorg. Daar moet dus aanvaar word dat die advokaat bevestig het dat hy wel beskikbaar is om die verhoor waar te neem. Dit blyk dat hy ook nie onmiddellik die opdrag teruggestuur het of enige aanduiding gegee het dat hy die opdrag nie kan waarneem nie. Op 20 Januarie 1982 bel die betrokke advokaat die prokureur en deel hom mee dat hy die verhoor nie namens verweerder kan waarneem nie omdat hy opdrag het in 'n saak wat vir 22 Maart 1982 geplaas is (item 87). Die koste verbonde aan daardie telefoonoproep word ook nie deur die Takseermeester toegelaat nie. Hierop volg 'n telefoonoproep deur verweerder se prokureur na die plattelandse korrespondent om die aanstelling van 'n ander advokaat te bespreek (item 88) en 'n oproep van die korrespondent in verband met dieselfde aangeleentheid en in verband met die reëling van voorverhoorsamesprekings en konsultasies met die nuwe advokaat (item 89). Daarna volg verskillende debiete ten opsigte van telefoonoproepe na verskeie advokate waarby vrugteloos by hulle navraag gedoen is om vas te stel of een van hulle vir die opdrag beskikbaar is (items 90, 92-95 en 97-103). 'n Beskikbare advokaat word uiteindelik gevind. Die uitgawe ten opsigte van die telefoonoproep waarby vasgestel is dat die advokaat vir die verhoor beskikbaar is, word wel deur die Takseermeester toegelaat. 'n Brief

om die reëling met die nuwe advokaat te bevestig (item 105) en 'n opwagting by die advokaat om die brief aan hom te besorg (item 106) is beide as nie-verhaalbare uitgawes tussen party-en-party geweier. Briewe aan die advokaat wat betaling van die advokaat se rekening vergesel het (items 132 en 226) is eweneens as onverhaalbare uitgawes behandel. Dieselfde geld ten opsigte van 'n brief aan die advokaat onder dekking waarvan 'n kennisgewing van wysiging in 'n brief van die eiser se prokureur aan die advokaat besorg word (item 223).

Die Takseermeester se standpunt is dat abortiewe koste wat aangegaan word om 'n beskikbare advokaat te bekom om 'n opdrag te aanvaar, suiwer prokureur-en-kliëntkoste is. Ook die kommunikasie tussen die stadsprokureur en die korrespondent ten aansien van die probleem moet volgens die Takseermeester se sienswyse op dieselfde grondslag behandel word. Die Takseermeester was van oordeel dat die brief (item 105) onnodig was en dit is gevolglik nie toegelaat nie. Om daardie rede was die opwagting by die advokaat ook onnodig en gevolglik is item 106 ook nie toegelaat nie ondanks die feit dat die koste van formele opwagtings by advokaat normaalweg toegelaat sou word. Die Takseermeester was verder die mening toegedaan dat dekkingsbriewe wat betaling van 'n fooi vergesel oorbodig is aangesien daar op die tjek self aangedui kan word waarvoor die betaling gemaak word. Dit is ook as onnodig beskou dat 'n kennisgewing en aanhangsel onder 'n dekkingsbrief aan 'n advokaat afgelewer moet word omdat die dekkingsbrief in so geval geen werklike nuttige doel dien nie.

Namens die verweerder word aan die hand gedoen dat die Takseermeester die gesag wat op die onderwerp betrekking het en waarna ek hieronder sal verwys, verkeerd vertolk het en fouteer het deur daaruit 'n algemene beginsel af te lei dat vrugtelose koste wat aangegaan is om 'n beskikbare advokaat te vind as prokureur-en-kliëntkoste behandel moet word en gevolglik het die Takseermeester nagelaat om elke item op sy eie meriete in die besondere omstandighede van die betrokke saak te oorweeg. Daar word aan die hand gedoen dat die stappe om 'n beskikbare advokaat te bekom, veroorsaak word deur die deurlopende rol in hierdie Afdeling wat tot gevolg het dat 'n advokaat nie vir die verhoor van 'n saak waarin hy deurgaans opgetree het beskikbaar is nie omdat hy reeds moontlik 'n ander opdrag in 'n ander saak aanvaar het wat bots of kan bots met die opdrag wat hom nou aangebied word. Daardie omstandigheid kan nie aan die optrede van 'n party of sy prokureur gewyt word nie. Die betoog lui verder dat uitgawes wat onder daardie omstandighede aangegaan word om 'n plaasvervangende advokaat te bekom, redelik en noodsaaklik is en slegs as prokureur-en-kliëntkoste of onverhaalbare uitgawes bestempel kan word waar dit te wyte is aan die oorversigtige of onversigtige optrede van 'n party se prokureur. Daar word verder aan die hand gedoen dat dit onprakties is om te verg dat die prokureur of sy klerk by die advokatekamers met 'n opdrag in die hand van deur tot deur moet loop om dit aan die advokate aan te bied tot tyd en wyl 'n beskikbare een gevind word. Om 'n opdrag op verhoor sonder vooraf kommunikasie aan 'n advokaat deur te stuur en dan sy mededeling af te wag of hy daarvoor beskikbaar is of nie, is, volgens hierdie betoog, onverant-

woordelike optrede. Dit sal in elk geval net soveel oorgtinge tot gevolg hê as wanneer 'n beskikbare advokaat deur middel van telefoonoproepe en boodskappe gesoek word. Laasgenoemde prosedure is egter minder tydrowend en as die eersgenoemde prosedure gevolg word, sal daar, volgens hierdie betoog, in baie gevalle nie betyds 'n advokaat gevind kan word nie. Waar 'n advokaat nie beskikbaar is nie en 'n ander een se dienste bekom moet word, is dit volgens die betoog noodsaaklik dat die stadsprokureur met sy korrespondent moet skakel om laasgenoemde op hoogte van die verwikkelinge te bring en nuwe reëlings met betrekking tot voorbereiding van die verhoor te tref. Daar word dan aangevoer dat die omstandighede wat die optrede noodsaaklik maak, nie aan die skuld van die een of ander van die litigante gewyt kan word nie en moet dus as party-en-party-uitgawes beskou word.

Wat die brief (item 105) aanbetref, word betoog dat dit noodsaaklik was ter bevestiging van 'n telefoniese reëling. Dit word betoog dat sodanige optrede slegs goeie maniere teenoor die advokaat is en wat die prokureur aanbetref, is dit noodsaaklik vir sy rekord.

Die vraag wat nou ontstaan het, is of die Takseermeester korrek was in die beslissing om die betrokke gelde nie op 'n party-en-party-rekening as verhaalbaar toe te laat nie.

Die Takseermeester ontleen sy bevoegdhede aan Reël 70 van die Eenvormige Hofreëls. Vir doeleindes van die onderhawige geval, is Reël 70 (3) belangrik. Hierdie subreël beoog dat 'n party ten gunste van wie 'n kostebevel verleen is, *ten volle* vergoed moet word vir *alle uitgawes* wat *redelikerwys* deur hom aangegaan is met betrekking tot sy eis of verweer. Die Reël bepaal dat die Takseermeester al die koste moet toelaat wat syns insiens nodig of gepas was om reg te laat geskied of om die regte van enige party te beskerm. Koste wat egter na die oordeel van die Takseermeester aangegaan of verhoor is uit oorversigtigheid, nalatigheid of dwaling van die party wat dit aangegaan het of deur die betaling van spesiale gelde aan 'n advokaat, spesiale uitgawes aan getuies of andere of deur ander ongewone uitgawes moet nie toegelaat word nie behalwe teen die partye wat dit aangegaan het.

Die Takseermeester oefen ingevolge Reël 70 'n diskresie uit. Wanneer daardie diskresie uitgeoefen is en die Hof ingevolge Reël 48 die Takseermeester se beslissing moet heroorweeg, word die aangeleentheid nie behandel as 'n gemeenregtelike hersiening nie. Die bevoegdheid van die Hof strek wyer as die bekende en erkende gronde waartoe 'n hersiening gemeenregtelik beperk word. Hierdie beginsel word buite twyfel gestel in *Legal and General Assurance Society Ltd* v *Lieberum NO and Another* 1968 (1) SA 473 (A) te 478. By die heroorweging van 'n taksasie sal die Hof die Takseermeester se beslissing korrigeer ondanks die feit dat dit *bona fide* uitgeoefen is met inagneming van al die feite as dit blyk dat die beslissing desondanks klaarblyklik verkeerd is en mits die Hof in dieselfde of 'n beter posisie verkeer om die geskilpunt te besleg. Die vraag wat dus oorweeg moet word, is of die beslissing van die Takseermeester ten opsigte van die tersaaklike items klaarblyklik verkeerd is.

Die Takseermeester het die uitgawes om 'n beskikbare advokaat te bekom, afgetakseer as prokureur-en-kliëntkoste met 'n beroep op Jacobs en Ehlers se standpunt (*Law of Attorneys' Costs and Taxation Thereof* paras 37 (6) en 356). Die geleerde skrywers beskryf daardie uitgawes as prokureur-en-kliëntkoste op gesag van *Buonanno* v *The Taxing Master* 1965 (2) SA 653 (N) en *Robinson* v *Teubes NO* 1974 (1) SA 559 (K) en *Le Chasseur Boere (Edms) Bpk* v *Maine Chance Farms (Pty) Ltd* 1978 (3) SA 358 (K). In para 356 van die aangehaalde werk verklaar *Jacobs en Ehlers:*

"356 Abortive telephone calls, including telephone calls *re* availability of counsel.

An instance of such a call is an abortive telephone call to counsel to ascertain his availability. It has been held that a charge for this will not be allowed in a party and party bill. We are constrained to doubt whether this decision is one which should be followed. At each Bar specialization is becoming fashionable. Some counsel prefer trial work, others prefer motion work, while yet other counsel are regarded as experts in, say, tax law, third party matters, etc. The system operating in South Africa is one of a division between Bar and Side Bar. An attorney is obliged to telephone counsel to find out if he is available. He cannot take this for granted. There is also difficulty with the continuous roll, where counsel who has drawn the pleadings may find that he has two, three, or even more matters set down for the same day. In the light of the above one may ask why should an attorney not be entitled to telephone counsel to find out if he is available and why should this then, not be a proper party and party charge. There may well be some limitation placed upon such calls, as, for instance, confining them to telephoning counsel who has drawn the pleadings in order to find out if he is available to take the trial; the general principle, however, that such telephone calls are not allowable as between party and party should not be accepted. This question came up in a recent case, in which it was contended, on the one hand, that to disallow such an item was a relic of the past and, on the other hand, that it was not a proper party and party item. Unfortunately, the latter view prevailed."

In *Buonanno* v *The Taxing Master* (*supra* te 656F-657A) het die vraag pertinent ter sprake gekom of die koste van 'n telefoonoproep na 'n advokaat om vas te stel of hy beskikbaar is, tussen party-en-party verhaalbaar is. In hierdie saak gaan dit om 'n oproep om 'n beskikbare advokaat te bekom om 'n opdrag op appèl te behartig. CANEY R bevind te 657:

"If, in consequence of counsel being not available, there has to be an attendance on a second advocate with brief, it appears to me that the fee for the abortive attendance is not chargeable as part of the party and party costs."

Die uitgawe was gevolglik nie toegelaat nie.

Robinson v *Teubes NO* (*supra*) handel met uitgawes wat in 'n party-en-party rekening gevorder was en deur die Takseermeester geweier was ten opsigte van

". . . a letter to the client to call to which he did not respond and two abortive telephone calls".

CORBETT R (soos hy toe was) verklaar dat hy van oordeel is dat die abortiewe oproepe se koste nie toegelaat moet word nie en handhaaf die beslissing van die Takseermeester waarby daardie uitgawes afgetakseer is. Dit blyk nie van die uitspraak wat die oogmerk of die doel van die abortiewe uitgawes was nie. Die belese Regter beroep hom vir sy standpunt op Roos *Taxation of Bills of Costs* te 72-3. Die saak is egter op die feite onderskeibaar aangesien die oproepe na die kliënt

gemaak was en nie oproepe om 'n advokaat te bekom om e verhoor waar te neem nie.

Le Chasseur Boere (Edms) Bpk v *Maine Chance Farms (Pty) Ltd* (*supra* te 362B-E) handel met 'n beswaar teen die weiering van die koste verbonde aan 'n oproep na elk van 'n junior en senior advokaat "to arrange for availability". Van die verslag is dit duidelik dat beide advokate wel beskikbaar was. Daar is klaarblyklik ook uitgawes gevorder vir formele opwagtings by dieselfde advokate met die opdragte. Die voorafgaande oproep kan dus as 'n onnodige voorsorgmaatreël beskou word. Daar was namens die beswaarmaker aan die hand gedoen dat dit 'n redelike en noodsaaklike voorsorgmaatreël was om die advokate te bel voordat aan hulle opdrag gegee word. Die praktyk om nie uitgawes toe te laat nie vir oproepe waarby die beskikbaarheid van advokate gereël word, is in argument beskryf as "a relic of a bygone era". VIVIER R bevind:

"Although there is, in my view, much to be said for the applicant's contention, there is insufficient ground to substitute my opinion for that of the Taxing Master. I would not disturb his decision on this item."

Behalwe soos aangedui, bevat die uitsprake waarna hierbo verwys word, geen redes waarom daar beslis is dat die betrokke uitgawes nie binne die bepalings van Reël 70 (3) val nie. Ek vind dit moeilik om te begryp waarom oproepe van 'n prokureur om 'n beskikbare advokaat te vind, nie kwalifiseer nie as uitgawes wat redelikerwys deur 'n party aangegaan is met betrekking tot sy eis of verweer ten einde reg te laat geskied of om sy regte te beskerm. Stappe om 'n advokaat aan te stel om 'n opdrag in 'n Hooggeregshof te hanteer, kan nie beskryf word as stappe wat voortspruit uit oorversigtigheid, nalatigheid of dwaling nie. Dit is ook nie ongewone stappe wat ongewone uitgawes soos deur die Reël bedoel veroorsaak nie. Soos wat die geleerde skrywers *Jacobs en Ehlers,* na my mening tereg, aandui, is dit in 'n Afdeling soos hierdie waar die deurlopende rol toepassing vind, dikwels onvermydelik dat 'n party hom in die posisie bevind dat die advokaat wat die opdrag op die pleitstuk-stadium behartig het, nie vir die waarneem van die verhoor beskikbaar is nie en dat daar 'n ander beskikbare advokaat gevind moet word. Die gevalle waarmee *Roos* in sy aangehaalde werk handel en waarop CORBETT R hom beroep, kan, met die grootste mate van eerbied, nie aangewend word as gesag vir 'n standpunt dat kostes soos dié wat tans oorweeg word, onverhaalbaar tussen party-en-party is nie. Die geleerde skrywers verwys na uitgawes wat aangegaan word voor 'n aksie ingestel is; vrugtelose onderhandelinge om die grondslag van die aksie te wysig of om die aksie te skik in watter geval daar aan die hand gedoen word dat slegs die party wat die onderhandelinge aangevoer het dit nie kan verhaal nie; briewe wat niks met die gedingvoering te doen het nie; en byvoorbeeld aansoeke om sekwestrasie waar daar alreeds 'n sekwestrasiebevel uitgereik is. Dit kom my voor dat daardie gevalle op 'n totaal ander grondslag staan as die oproepe om 'n advokaat aan te stel. Daardie stappe ontstaan nie uit die aksie nie en is nie nodig vir die voortsetting daarvan nie. Net so is dit goed te begryp dat waar 'n party nie geregtig is nie op die regshulp wat hy poog te verkry, hy nie kan verwag om vir sy abortiewe optrede vergoed te word nie. Die ander twee uitsprake

oorweeg nie volledig arom die geleerde Regters van mening is dat die betrokke uitgawes nie binne die bestek van Reël 70 (3) val nie. Dit wil voorkom asof dit nie abortiewe uitgawes is in die betekenis waarin *Roos* die begrip gebruik nie. As algemene uitgangspunt en as algemene reël, kom dit my voor dat dit nie onredelike optrede van 'n prokureur is om voordat hy 'n advokaat formeel opdrag gee, by die advokaat vas te stel of hy vir die opdrag beskikbaar is nie. Dit kan gerieflik per telefoon geskied eerder as 'n persoonlike opwagting by die advokaat. Dit is so 'n algemene praktyk in hierdie Afdeling en skynbaar ook in ander Afdelings dat 'n prokureur die advokaat bel voordat hy die opdrag deurstuur dat ek dit vreemd vind dat die koste van so 'n oproep nie toegelaat sal word nie. Trouens, die koste van een so 'n oproep na die advokaat wat die opdrag uiteindelik hanteer het, is inderdaad deur die Takseermeester in die onderhawige geval toegelaat. Ek vind geen regverdiging vir 'n standpunt dat as 'n advokaat nie vir 'n verhoor beskikbaar is nie, die telefoonoproep waarby die prokureur hom van daardie feit vergewis het, nie redelikerwys gemaak moes gewees het nie, maar as die advokaat wel beskikbaar is, die uitgawe wel redelikerwys aangegaan was.

Die Takseermeester het in die onderhawige geval die oproepe om 'n ander advokaat te vind na my oordeel tereg geweier om redes anders as wat in die voorafgaande beslissings uiteengesit word. Daar is op gewys dat die verweerder se prokureur aan 'n advokaat opdrag gegee het en dat daardie advokaat die opdrag aanvaar het. Die advokaat het daarna die opdrag teruggestuur omdat hy 'n ander opdrag aanvaar het. Na my oordeel was die advokaat gebonde om die opdrag wat hy eerste aanvaar het, uit te voer en, as hy enige opdrag wou weier, moes hy die tweede opdrag geweier het. Feit is egter dat die eerste advokaat aan wie die opdrag aangebied was, dit wel aanvaar het. As daardie advokaat vir redes soos die aanvaarding van 'n ander en miskien meer lonende opdrag die eerste opdrag terugstuur, en sy prokureur laat hom toe om hom van daardie opdrag te onttrek, dan is dit optrede en gedrag waarvoor die eiser nie verantwoodelik gehou kan word nie. Enige kostes wat daarna voortspruit uit die feit dat hierdie advokaat hom van die opdrag onttrek het, is tussen party-en-party onverhaalbaar. Daar mag moontlik gegronde redes wees waarom 'n advokaat hom van 'n opdrag moet onttrek soos bv siekte of onbevoegdheid om die opdrag vir een of ander rede te hanteer, in watter geval ander oorwegings toepassing mag vind en in watter geval die Takseermeester wel van oordeel mag wees dat die uitgawes om 'n ander advokaat te bekom, redelikerwys aangegaan is met betrekking tot 'n party se eis of verweer. Die uitgawes om 'n ander advokaat onder die onderhawige omstandighede te bekom, resorteer na my oordeel onder die begrip "ongewone uitgawes" soos in Reël 70 (3) bedoel en is om daardie rede nie as party-en-party uitgawes verhaalbaar nie. Die Takseermeester het dus na my oordeel die uitgawes in items 90, 92-95 en 97-103 tereg geweier. Aangesien die Takseermeester die uitgawes verbonde aan die telefoonoproep na die advokaat wat uiteindelik die opdrag hanteer het, toegelaat het, was die Takseermeester ook geregtig om soortgelyke uitgawes ten opsigte van die

eerste advokaat nie toe te laat nie. Die weiering o[ ]em 77 as 'n verhaalbare uitgawe toe te laat, is dus ook in orde. Dieselfde oorwegings geld vir die bykomstige uitgawes wat veroorsaak is as gevolg van die feit dat die stedelike prokureur sy plattelandse korrespondent van die verwikkelinge in kennis moes stel en nuwe reëlings moes tref. Die Takseermeester het dus ook items 88 en 89 om dieselfde redes tereg van die party-en-party kosterekening verwyder.

Waar die prokureur telefonies met die advokaat reël dat die advokaat 'n bepaalde opdrag sal hanteer, ontstaan 'n mondelinge kontrak en is enige verdere stappe behalwe die oorhandiging van die opdrag aan die advokaat onnodig. Vir watter rede die prokureur dit ook al nodig mag ag om die reëling per brief te bevestig, is dit 'n onnodige uitgawe wat nie redelikerwys met betrekking tot die party se eis of verweer aangegaan is nie. Die opwagting om so 'n onnodige brief af te lewer, is dus ook onnodig. Gevolglik het die Takseermeester ook items 105 en 106 tereg afgetakseer. 'n Brief onder dekking waarvan 'n tjek of ander soortgelyke dokument aan 'n advokaat besorg word, kom my as uitgangspunt redelikerwys noodsaaklik voor. Dit is nodig om eerstens die bestemming van so 'n dokument aan te dui. Die brief sal dus die adres van die geadresseerde bevat. Dit sal verder ook normaalweg besonderhede bevat van die aangeleentheid waarop dit betrekking het. Items 132, 226 en 223 behoort dus in die lig hiervan heroorweeg te word en die saak word vir daardie doel na die Takseermeester terug verwys.

S v RAMALIGELA EN 'N ANDER

(HOOGGEREGSHOF VAN VENDA)

1983 *Februarie* 2-17 VAN RHYN HR

**Strafproses—Getuienis—Toelaatbaarheid van—Getuienis afgelê deur beskuldigdes tydens geregtelike doodsondersoek—Beskuldigdes toe reeds onder verdagting—Beskuldigdes gewys op reg om te swyg op inkriminerende vrae—Aard van moontlike aanklag egter nie verduidelik nie—Moontlik inkriminerende vrae ook nie uitgewys nie—Getuienis deur beskuldigdes tydens ondervraging in doodsondersoek gelewer derhalwe nie in latere strafsaak toelaatbaar nie.*

Geboortes en Sterftes—Sterftes—Geregtelike doodsondersoeke—Wet 58 van 1959 art 8 (2)—Wetsbepalinge wat by ondervraging in strafverhore in landdroshowe geld, geld ook in geregtelike doodsondersoeke—Getuienis wat onder verdagting staan moet van reg om te swyg op inkriminerende vrae verwittig word—Aard van moontlike aanklag moet verduidelik word en moontlik inkriminerende vrae moet aan hulle uitgewys word—Indien nie, sal getuienis onder ondervraging ten tyde van doodsondersoek afgelê nie in latere strafregtelike verrigtinge toelaatbaar wees nie.

By die aanvang van hul verhoor op 'n aanklag van moord, wou die Staat getuienis wat die beskuldigdes tydens 'n geregtelike doodsondersoek afgelê het, voorlê ter aanwending tydens daardie verhoor as voorafgaande verklarings deur die beskuldigdes. Die beskuldigdes was reeds ten tyde van die doodsondersoek onder verdagting, en hulle was wel voor ondervraging gewaarsku dat hulle nie verplig was om op inkriminerende vrae te antwoord nie. Die waarskuwing het egter nie verder gestrek nie. In 'n tussenverhoor oor die toelaatbaarheid van hierdie getuienis,

Beslis, dat die Staatsadvokaat 'n aanduiding moes gegee het van welke gevaar die beskuldigdes hulle aan kon blootstel, *in casu* 'n aanklag van moord of strafbare manslag.

Beslis, verder, dat daar minstens sorg gedra moes gewees het ten einde te verseker dat die beskuldigdes sou geweet het welke vrae inkriminerende antwoorde mag uitgelok het.

Beslis, verder, dat die wetsbepalinge wat tydens ondervraging in landdroshowe geld, luidens art 8 (2) van die Wet op Doodsondersoeke 58 van 1958 ook op ondervraging tydens doodsondersoeke van toepassing is.

Beslis, derhalwe, dat die tersaaklike getuienis ontoelaatbaar vir die doeleindes van die strafsaak was.

Strafsaak. Feite wat nie van belang is nie is uit die uitspraak weggelaat.

H J Liebenberg SC (bygestaan deur *A Joubert*) namens die beskuldigdes op versoek van die Hof.

J D Visser SC (bygestaan deur *St J A Mancktelow*) namens die Staat.

[Die Hof het by die aanvang van die verhoor beslis dat sekere

---

**Criminal Procedure—Evidence—Admissibility of—Evidence given by accused during inquest—Accused then already under suspicion—Accused persons' right to refuse to answer incriminating questions pointed out to them—But nature of possible charge not explained—Possibly incriminating questions also not pointed out—Evidence given by accused in response to questioning during inquest accordingly inadmissible in subsequent criminal hearing.*

Births and Deaths—Deaths—Inquests—Act 58 of 1959 s 8 (2)—Provisions of the law applying to questioning during criminal trials in magistrates' courts also applicable to inquests—Witnesses who are suspects must be apprised of right to remain silent when faced with incriminating questions—Nature of possible charge must be explained and possibly incriminating questions must be pointed out—If not, evidence given in response to questioning during the inquest will not be admissible in subsequent criminal proceedings.

At the commencement of their trial on a charge of murder, the State sought to have evidence given by the accused during an inquest admitted in the trial as prior statements by the accused. The accused were already under suspicion at the time of the inquest and, prior to being questioned, they were indeed warned that they were not obliged to answer incriminating questions. The warning, however, went no further. In a "trial within a trial" regarding the admissiblity of this evidence,

Held, that counsel for the State should have apprised the accused of the nature of the danger to which they might have exposed themselves, *in casu*, a charge of murder or culpable homicide.

Held, further, that care should at least have been taken to ensure that the accused knew which questions might elicit incriminating answers.

Held, further, that the provisions of the law applicable to questioning in magistrate's courts were also, in terms of s 8 (2) of the Inquests Act 58 of 1958, applicable to questioning during inquests.

Held, accordingly, that the evidence in issue was inadmissible for the purpose of the criminal trial.